http://lexikos.journals.ac.za

# Voorwoord

Sedert die verskyning van die eerste nommer van *Lexikos* het die tydskrif in 'n toenemende mate daarin geslaag om kommunikasie tussen leksikografiese vakgenote, nie alleen in Afrika nie, maar ook in die res van die wêreld te laat plaasvind. Met die totstandkoming van AFRILEX waarvan *Lexikos* nou die offisiële mondstuk geword het, kon dié kommunikasie tot 'n nog groter mate voortgesit word. Bekendheid met en kennis van mekaar se projekte en werksaamhede bring die moontlikheid mee om kundigheid uit te ruil en samewerking te bewerkstellig. Hieraan het die leksikograwe in Afrikalande met hul ryke taalverskeidenheid 'n groot behoefte.

In die verlede is daar beskrywings van leksikografiese en elektroniese projekte en verslae oor konferensies en werkseminare in *Lexikos* gepubliseer. Nou wil *Lexikos* 'n nog groter geleentheid vir sodanige kommunikasie bied. Om dié rede is twee bykomende rubrieke in hierdie nommer van *Lexikos* ingevoer: **Projekte / Projects** en **Verslae / Reports**. Lesers word uitgenooi om beskrywings van hul projekte en verslae oor konferensies en werkseminare voor te lê. Bydraes tot hierdie rubrieke moet aan die eise van akademiese geskrifte voldoen, maar sal nie noodwendig deur keurders geëvalueer word nie, aangesien hulle nie as navorsingsbydraes bedoel is nie.

Proff. A. Delbridge, R.H. Gouws en M.H. Heliel word as nuwe lede van die Adviesraad verwelkom. 'n Woord van verwelkoming gaan ook aan die nuwe lede wat tot die Redaksiekomitee toegetree het. Die uittredende lede word bedank vir die bydrae wat hulle gelewer het om artikels vir *Lexikos* te keur. Die Redaksiekomitee vervul 'n baie belangrike rol om die akademiese gehalte van die tydskrif te verseker. Dit word weerspieël in die bydraes in hierdie nommer van *Lexikos*. Die lede van die Redaksiekomitee moet gelukgewens word met die deeglike en gesaghebbende wyse waarop hulle artikels gekeur het.

Die nuwe resensieredakteur van *Lexikos*, mnr. Etienne Botha, word bedank vir sy bydrae. Hy het gesorg dat 'n interessante verskeidenheid publikasies bespreek en vermeld word in die rubrieke waarvoor hy verantwoordelik is: **Resensieartikels / Review Articles, Resensies / Reviews en Publikasieaankondigings / Publication Announcements.**

Die lede van die afdeling Redaksionele Steundienste van die Buro van die WAT, mev. Hermien van der Westhuizen, mnr. Etienne Botha en mej. Tanja Harteveld, verdien 'n spesiale woord van dank vir hul aandeel in hierdie nommer van *Lexikos*. Nie alleen het hulle al die tydrowende administrasie en korre-



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za



spondensie behartig nie, maar mev. Van der Westhuizen en mej. Harteveld het ook met professionalisme, entoesiasme en baie geduld die dikwels moeilike elektroniese setwerk gedoen, terwyl mnr. Botha met groot noukeurigheid gehelp het met die taalversorging van 'n aantal van die artikels.

J.C.M.D. du Plessis

*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za

# Foreword

Since the publication of the first issue of *Lexikos* the journal has increasingly succeeded in effecting communication among lexicographic colleagues not only in Africa, but also in the rest of the world. With the establishment of AFRILEX, of which *Lexikos* has now become the official mouthpiece, this communication can be pursued to an even greater degree. Awareness and knowledge of each other's projects and activities open up the possibility of exchanging know-how and bringing about collaboration. There is a great need for this among lexicographers in African countries with their rich diversity of languages.

In the past, *Lexikos* published discussions of lexicographical and electronic projects and reports on conferences and workshops. Now, however, *Lexikos* seeks to offer an even greater opportunity for such communication. For this reason two additional categories have been introduced in *Lexikos*: **Projekte / Projects** and **Verslae / Reports**. Readers are invited to submit discussions of projects and reports on conferences and workshops. Contributions to these categories must meet the requirements of academic writing, but will not necessarily be evaluated by the judges, because they are not meant to be research articles.

Proff. A. Delbridge, R.H. Gouws and M.H. Heliel are welcomed as new members of the Advisory Board. A word of welcome also goes out to new members who have joined the Editorial Committee. The Editorial Committee fulfils a very important function in ensuring the academic standard of the journal. This standard is reflected in the contributions in this issue of *Lexikos*. The members of the Editorial Committee must be congratulated on the thorough and expert way in which they judged the articles.

The new review editor of *Lexikos*, Mr Etienne Botha, is thanked for his contribution. He managed to have an interesting range of publications discussed and listed in the three categories for which he is responsible: **Resensieartikels / Review Articles, Resensies / Reviews** and **Publikasieaankondigings / Publication Announcements**.

The members of the division Editorial Support Services in the Bureau of the WAT, Mrs Hermien van der Westhuizen, Mr Etienne Botha and Miss Tanja Harteveld, deserve a special word of thanks for their part in this issue of *Lexikos:* not only did they handle all the time-consuming administration and correspondence, but Mrs Van der Westhuizen and Miss Harteveld also did the often



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za



difficult electronic typesetting with professionalism, enthusiasm and much patience, while Mr Botha helped to edit the language of some of the articles with great accuracy.

J.C.M.D. du Plessis

*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)